

STEFAN WEHMEYER

Assistentdirekteur: Steudienste

Eers die ou formele definisie: LibraryThing is 'n sosiale webhulpmiddel om persoonlike biblioteek katalogusse en boeklyste te stoor en met ander te deel.

Die webtuiste [www.librarything.com](http://www.librarything.com) is deur Tim Spalding ontwikkel en is lewendig sedert Augustus 2005. 'n Jaar later was daar alreeds 73 000 gebruikers wat 5.1 miljoen boeke gekatalogiseer het. Met die skryf van hierd artikel in Oktober 2007 was daar alreeds 1 miljoen boeke gekatalogiseer. So dit is redelik populêr.

LibraryThing gebruik nie advertensies nie, maar ontvang kommissie van aanlyn boekwinkels soos Amazon wat die prentjies van boekomslae verskaf. Enige gebruiker kan gratis registreer en dan tot 200 boeke opsit. Vir meer as dit is daar 'n subskripsiefooi (dareem nie te baie nie) wat betaal moet word.

Gebruikers word genoem (en moenie nou daai bolla afskrik nie) 'thingamabrarians' en kan persoonlike versamelings katalogiseer; leeslyste byhou en ander gebruikers 'ontmoet' wat dieselfde boeke besit. 'Thingamabrarians' kan die hele databasis deursoek volgens outeur, titel of 'tags'. 'n 'Tag' is niks anders as 'n trefwoord soos 'South Africa' wat die gebruiker self skep nie.

LT is baie gebruikersvriendelik. Die belangrikste element is die outomatiese katalogisering van boeke deur die invoer van data vanaf boekhandelaars en biblioteke deur Z39.50 konneksies. Al wat die gebruiker hoef te doen is om woorde uit die titel, outeur of ISBN in te tik. LT kry dan al die korrekte data van [Amazon.com](http://Amazon.com) en 82 ander 'ware' biblioteke, insluitend Library of Congress, en die gebruiker kliek dan net op die titel om dit op sy katalogus te plaas.

So word die gebruiker dan meester op sy eie domein. Jy kan in jou eie katalogus soek, jou boeke sorteer, boekinligting redigeer en boekomslae en trefwoorde byvoeg. Die boeke kan gegradeer word en jy kan ook jou eie resensies skryf. (Sommer nog 'n plek vir resensies, let wel keurders!)

LT is 'n sosiale netwerk en 'n mens het dus insae in ander mense se privaat biblioteke. 'Members with your books' wys vir jou die 50 biblioteke wat die meeste ooreenkomste met joune het. Wanneer jy in iemand anders se biblioteek soek, wys die stelsel hoeveel en watter boeke dieselfde as in jou biblioteek is. As jy wil, kan jy ook kommentaar lewer op ander se biblioteekprofiel. So kan elkeen dan dophou watter boeke in ander se biblioteke is en wie jou belangstellings deel. LT het ook

# LibraryThing



besprekingsforums waar na hartelus oor boeke geblog en geklets kan word.

LT is 'n lekker manier om jou boeke te orden. Jou boekbesittings kan ook vertoon word asof op 'n rak of as 'n lys. (Boeke word met die hele boekomslag vertoon.)

Ook interessant is die 'Suggester' knoppie. Deur hierop te kliek, kry jy 'n lys van tot 100 boekaanbevelings gebaseer op katalogusse met soortgelyke boeke. Die komiese 'Unsug-gester' gee weer vir jou 'n lys van boeke wat glad nie by jou leesprofiel inpas nie, en wat jy dus glad nie gaan geniet nie. Almal wil natuurlik weet waarvan hulle nie hou nie en dié knoppie is een van die gewildstes op LT.

Selfoontegnologie kan ook gebruik word om jou eie LT katalogus na te gaan terwyl jy in 'n boekwinkel staan.

LT se gewildheid het ontstaan nadat 'n artikel daaroor in die Junie 2006 uitgawe van die gesaghebbende *Wall Street Journal* gepubliseer is. As gevolg van die publisiteit en die gepaardgaande Slashdot-effek (Slashdot-effek is wanneer 'n webtuiste so populêr word dat die bediener dit nie kan hanteer nie en stadig raak) moes die ontwikkelaars ekstra bedieners ontplooi om voorsiening te maak vir hul groeiende gewildheid.

LT in sy oorspronklike formaat is in Engels, maar daar word alreeds vir die meeste Europese tale voorsiening gemaak, selfs Wallies en Latyn. 'n Groot tekortkoming is natuurlik dat dit nog nie eintlik op die Afrikaanse taalgebied of in enige ander Afrikaataal ontwikkel is nie. Afrikaanse boekomslae is net eenvoudig nie beskikbaar nie (tensy jy dit self skandeer), en miskien sou dit help as LibraryThing en Kalahari.net (en ook Sabinet en ons eie CPALS) met mekaar praat, sodat 'n mens boekinligting kan invoer.

Ek was baie nuuskierig om by die Zeitgeist afdeling (ek sien die Hollanders praat van 'tjidsbeeld') in te loer om te sien wat laat die 'thingamabrarians' tiek.

Die 75 skrywers wie se boeke die meeste voorkom word gelys en die top tien op LT is: (natuurlik in die eerste plek!) JK Rowling, gevolg deur Stephen King, Terry Pratchett, JRR Tolkien, Neil Gaiman, CS Lewis, William Shakespeare, Isaac Asimov, Jane Austen en Nora Roberts. ('n Goeie mengsel van fiksie-, nie-fiksie-, moderne, klassieke en jeugskrywers.)

Die top tien titels? Die eerste ses is almal *Harry Potters* en daarna **The Da Vinci Code**, **The Hobbit**, **1984** en **The catcher in the rye**.

'n Bietjie weird vir my was die top boeke volgens gewildheid. Heel bo is **The Presidents of the United States of America**, daarna **Strong Start in Language: Grades K-R** (duidelik word die lys deur Amerikaanse skooljuffroue en kinders beïnvloed) en dan 'n Franse woordeboek! Onthou net alle boeke word nie gegradeer nie, dit is opsioneel.

Die top trefwoorde: fiction, fantasy, history, non-fiction, science fiction, mystery en dan weer non-fiction (die probleem op die webblad is natuurlik dat trefwoorde nie 100% uniform is nie.)

Die aanwending van LibraryThing is legio vir boekliefhebbers. Dis nie nodig om 'n lid te wees om die webtuiste te gebruik nie. 'n Mens kan letterlik enige sleutelwoord, titel of outeur intik en 'Suggester' verskaf dan 'n lys van titels.

Wat ook interessant is, is die 'cloud' opsies. In 'n alfabetiese lys van outeurs verskyn die meer populêre outeurs se name in groter letters. Met ander woorde, die name van populêre outeurs spring uit en jy kan dit eenvoudig nie miskyk nie. Dieselfde word ook gedoen met trefwoorde.

Ek het, as voorbeeld, onder die Suid-Afrikaanse skrywer, Deon Meyer, gesoek om te sien watter van sy boeke beskikbaar was. Soos alreeds genoem is Afrikaanse boeke maar min op LT, maar ek kon darem 'n paar van sy vertalings sien. Wat wel insiggewend is, is dat die grootste 'cloud' trefwoord 'crime' en 'mystery novel' is, so 'n mens kan darem sien waaroor 'n outeur skryf. So terloops, ek sien darem LT word al hier ter plaatse gebruik, want een van die gebruikers van LT se skuilnaam is 'karoobush'.

Ek hoop regtigwaar LT sal aanklank vind in Suid-Afrika. Ek het solank gekyk by LT punt nl. (Die Hollanders sê punt waar ek graag praat van 'n dot!) Nogal interessant hoe baie SA outeurs se werk al in Nederlands vertaal is.

Hierdie biblioteekding sal natuurlik ook vir ons meer gebruikersvriendelik wees as breëband goedkoper word! Hopelik nie meer te lank nie...

**Bronne**

[Wikipedia.com](http://Wikipedia.com) en [LibraryThing.com](http://LibraryThing.com)